Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 14
26 April 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PA-EN-SEUNKAMP : 26 – 27 APRIL 2024
Ons is baie opgewonde oor ons Pa-en-Seunkamp wat vandag vanaf 17:30 by Geraldstraat-sportgronde tot Saterdag om 10:00 gaan plaasvind. Ons vertrou dat dit 'n aangename ervaring vir almal sal wees.

WILLOWS-GESINSKAMP : 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde dat ons weer 52 kampstaanplekke by Willows kon bespreek. Ons sal aan die begin van die derde kwartaal 'n omsendbrief uitstuur waarin ons presies aan u gaan verduidelik hoe om plek te bespreek. Dit is belangrik om te weet dat **die skool reeds die park betaal het vir die staanplekke**. Die besprekings vir die kampplekke vind dus slegs by die **skool** plaas. **Ouers wat chalets wil bespreek, kan dit nou reeds direk by die oord doen.**

SPORTAFRIGTING
Dit is vir my 'n absolute riem onder die hart om te sien hoe ouers hulle kinders kom ondersteun tydens oefensessies en wedstryde, maar ek wil u vriendelik vra om nie die afrigting van die personeel, of ouers wat ons help, oor te neem van die kant af nie. Die afrigters doen elkeen hul uiterste bes om die leerlinge die grondbeginsels van die verskillende sportsoorte te leer, maar ouers se op- of aanmerkings tydens afrigtingsessies en wedstryde, verwar die kinders en hulle weet later nie meer na wie om te luister nie.

GEDRAG VAN TOESKOUERS
Ek wil u almal vriendelik versoek om soos ware Newtonparkondersteuners langs die kant op te tree. Ons skree nie opmerkings van die kant af oor die skeidsregter nie, want dit stel nie 'n goeie voorbeeld vir ons kinders nie. Laat ons opmerkings altyd positief wees sodat dit vir almal altyd lekker is om teen Laerskool Newtonpark deel te neem.

MNR. EN MEJ. LAERSKOOL NEWTONPARK: 12 – 13 JUNIE
Inskrywings vir Mnr. en Mej. Laerskool Newtonpark is nou oop. Alle leerlinge kan so spoedig moontlik inskryf. Leerlinge neem deel in een van vier kategorieë volgens grade. nl. Gr. R, Gr. 1 - 3, Gr. 4 – 6 en Gr. 7. Inskrywingsfooi beloop R50 per leerling. Verdere inligting sal aan deelnemende leerlinge deurgegee word.

DAGBOEK DIE DATUM – KULTUURAAND: 15 MEI
Ons wil solank u aandag op ons Kultuuraand wat Woensdag, 15 Mei by die skool plaasvind, vestig. Meer inligting sal weldra aan u deurgegee word.

PROSEDURE VIR DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN LEERLINGE
Ons plaas net weer ‘n uitreksel uit ons huiswerkboek sodat almal net weer kan sien hoe Laerskool Newtonpark se dissiplinestelsel met die gebruik van die kommunikasiekaart werk.

DISSIPLINE IN DIE SKOOL
Ons by Laerskool Newtonpark is ingestel daarop om leerlinge positief te motiveer om sodoende negatiewe optrede te verhoed. Om dié rede maak ons gebruik van ‘n kommunikasiekaartstelsel om u as ouer ingelig te hou oor hoe u kind se gedrag en werksetiek in die skool is. As daar positiewe inskrywings is, prys u kind daarvoor en indien daar negatiewe inskrywings is, tree dan ooreenkomstig op. Die kommunikasiekaarte dien as ‘n kommunikasiemiddel tussen skool en ouerhuis en ons vra dat ouers asseblief die inskrywings persoonlik met ‘n pen sal teken.

1. KOMMUNIKASIEKAART : POSITIEF
Positiewe inskrywings vir alles wat leerling positief doen in klas, akademie, sport of gedrag. Drie positiewe inskrywings: Stuur leerling na skoolhoof: kry skoolhooftoekenning om week te dra. Tweede keer drie positiewe inskrywings: leerlinge kry weer skoolhooftoekenning vir week. Mag nou die volgende Vrydag gewone klere aantrek. Patroon gaan dan voort met elke positiewe inskrywing.

2. KOMMUNIKASIEKAART : NEGATIEF

- Die onderwysers teken alle oortredings aan en stuur dieselfde dag vir ouer om te teken.
- **Slegs huiswerk nie gedoen en ernstige gedragsoortredings word in aanmerking geneem vir detensie.**
- Die dissiplinehoof is die enigste persoon wat detensie kan toeken. • Na die eerste 3 negatiewe inskrywings, moet die onderwyser die ouer kontak om oor die probleem te praat.
- Die onderwyser/es stuur die leerlinge dan na die dissiplinehoof vir finale waarskuwing.
- Met die volgende inskrywing word die leerling met sy kommunikasiekaart na die dissiplinehoof toe gestuur wat dan besluit of die leerling sy/haar 1ste detensie moet sit of nie. Detensiebriewe gaan uit op Woensdae en detensies vind plaas van 12:45 tot 14:45 op ‘n Vrydag.
- Kommunikasiekaarte word elke keer na 3 inskrywings na dissiplinehoof toe gestuur vir besluit of detensie al dan nie.
- Met die 2de detensie binne 6 maande reël afspraak met ouers.
- Met die 3de detensie binne 6 maande reël afspraak met ouers en skoolhoof.
- Dié leerling moet dan ‘n dissiplinerooster saam met hom/haar dra. Elke klasonderwyser dui dan aan of die periode se werk gedoen is of nie. Aan die einde van die dag teken die skoolhoof die blad en die ouer moet ook by die huis teken. Dit duur tot die leerling uit sy eie weer begin werk.
- Met die 4de detensie binne 6 maande word ‘n dissiplinêre gesprek gehou en verskyn die leerling saam met sy/haar ouer voor die beheerliggaam.
- Die 4de detensie sal op ‘n Saterdag plaasvind.

3. ALGEMEEN

- Daar word aan die einde van elke kwartaal ‘n streep onder die oortredings aan die negatiewe kant getrek. Die leerling begin dus elke kwartaal skoon.
- As leerlinge 3 weke lank geen negatiewe inskrywing het nie, mag sy/haar klasonderwyser elke keer 'n streep deur sy/haar laaste negatiewe inskrywing trek. Die leerlinge moet dit aanvra - d**it is nie die onderwyser se plig om te bereken of om dit te onthou nie.**

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)

Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike Facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal ‘n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 29 April	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **Werksafbakening graad 4 – 7 uit na leerlinge** Netbal : 0/7 A + B teen Altona **(t)** Netbal : 0/8 A + B teen Altona **(t)** Netbal : 0/12 en 0/13 A + B teen Altona**(t)**
Di – 30 April	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns: graad 2 en 3 **14:00 tot 15:15** Kuns: graad 4 **14:15 tot 15:30** Tennis: Senior A teen Senior B **(t)** Tennis: Senior B teen Senior A **(t)** Tennis: Senior C teen Sunridge B **(w)** Tennis: Senior D teen Blouwaterbaai **(t)** Senior en Junior Koor: Hoogland Koorfees **18:30**

Wo – 1 Mei	:	**WERKERSDAG : OPENBARE VAKANSIEDAG**
Do – 2 Mei	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns: Graad 5 – 7 **14:15 tot 15:30** **Radikale redenaars : 1ste uitdunrondte – instuur van videos** Netbal : 0/9 A + B teen Altona **(t)** Netbal : 0/10A + B teen Altona **(t)** Netbal : 0/11A + B teen Altona **(t)**
Vr – 3 Mei	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Skaak: LNP Senior teen Theordor Herzl **(w)** Skaak: LNP Junior teen Clarendon **(w)** **Kapperjolle (Graad R) en Bloedskenk**
Sa – 4 Mei	:	**Summerwood Derby (t)**

SPORT EN KULTUUR

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
24 April	0/9A	Mount Pleasant	LNP verloor 19 – 7
24 April	0/11A	Mount Pleasant	LNP wen 36 – 0
24 April	0/13B	Tjaart van der Walt	LNP wen 10 – 5
25 April	0/11B	Sunridge Park D	LNP wen 15 – 10

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
22 April	0/8A	Sunridge Park	LNP verloor 0 – 6
22 April	0/8B	Sunridge Park	LNP wen 5 – 2
22 April	0/12A	Sunridge Park	LNP verloor 25 – 5
22 April	0/12B	Sunridge Park	LNP verloor 1 – 11
22 April	0/13A	Sunridge Park	LNP verloor 29 – 5
22 April	0/13B	Sunridge Park	LNP verloor 7 – 8
23 April	0/8C	Mount Pleasant	LNP wen 3 – 2
24 April	0/12A	Blouwaterbaai	LNP wen 18 – 0
25 April	0/9A	Sunridge Park	LNP verloor 7 – 1
25 April	0/9B	Sunridge Park	LNP wen 7 – 3
25 April	0/10A	Sunridge Park	LNP verloor 11 – 1
25 April	0/10B	Sunridge Park	LNP verloor 6 – 0
25 April	0/11A	Sunridge Park	LNP speel gelykop 4 – 4
25 April	0/11B	Sunridge Park	LNP wen 6 – 1

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
23 April	Senior A	Lorraine	LNP wen met 20 potte
23 April	Senior B	Collegiate	LNP wen met 20 potte
23 April	Senior D	Lorraine	LNP wen met 10 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 April	Senior	St. Dominic's Priory	LNP wen 4.5 teenoor 2.5

ATKV-REDENAARS
Van ons redenaars het Saterdag, 6 April, by Hoërskool Framesby aan die ATKV-redenaars deelgeneem. Die volgende leerlinge is gekies om aan die volgende uitdunrondte deel te neem:
Milan Geldenhuys (Gr 2D)
Milan van Wyk (Gr 2B)
Emma Bester (Gr 4D)

OP-RUGBYPROEWE 2024
Hartlik geluk aan Billy Daniels in graad 7G wat tot die PE-stadspan verkies is en van 19 tot 20 April aan die OP-Laerskole 0/13 sub-unie toernooi by Bergsig deelgeneem het. Hy het tydens hierdie geleentheid deurgedring na die volgende rondte wat vandag, 26 April by Daniel Pienaar Tegniese Hoërskool plaasvind. Ons is baie trots op hom en wens hom alle sterkte toe!

SKAAKTOERNOOI
'n Paar leerlinge het Saterdag, 20 April, aan die Easter Chess tournament deelgeneem en soos volg presteer:
Amoré Verster - goud
Amelie Kapp - brons
Abigail Kitching - silwer
Bradley van den Berg - goud.

SOKKER
'n Paar van ons leerlinge is deel van die Caledonian Football Club en het Sondag, 21 April 'n sokkertoernooi gespeel. Matthew Watson in graad 5S het vir die 0/13 Callies Barrons gespeel en hul span het 0 – 9 teen die Ibayi Tigers verloor. Aaron Nortier in graad 5S en Wian Floor in graad 4S het vir die 0/11

Callies Highlanders gespeel en hul span het 2 – 0 teen die Hearts Hawks gewen. Baie geluk en sterkte met die volgende toernooi, manne!

RITMIESE GIMNASTIEK
Marissa het op 20 April aan die Grahamstad Ritmiese Gimnastiek kompetisie deel geneem waar sy die volgende in haar ouderdoms groep (0/10) behaal het:

- Goud vir “Freedance”
- Goud vir “Rope Routine”
- Silwer vir “Clubs Routine”
- Silwer vir “Overall”

Baie geluk, Marissa!

TALENT AFRICA
Jessica Smith in graad 5S, Linka van Deventer in graad 6H en Megan Viviers in graad 5F het op Saterdag, 20 April aan die Oos-Kaap Talent Africa kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:

Jessica Smith :

- “Solo Hip-Hop” – High Silver

Linka van Deventer :

- “Hip-Hop” dansgroep – Goud

Megan Viviers :

- “Solo Hip-Hop” – High Silver
- “Hip-Hop” dansgroep – Goud

Beide Linka en Megan en het ook hulle “Federation of performing arts SA” provinsiale (F.P.A.S.A) kleure ontvang.

Al drie meisies het gekwalifiseer om in die Talent Africa Nationals wat September plaasvind, deel te neem. Hartlik geluk en baie sterkte vir die volgende rondte. Ons hou duimvas!